# Arbeidsverhoudingegebestuur

Slabbert, J.A.; Prinsloo, J.J. en Backer, W.
*Managing Industrial Relations in South Africa,*
Pretoria: DIGMA, 1990
Beskikbaar van Bactas Personeelkonsultante,
Posbus 32095,
Glenstantia, 0010.
Prys: R251,60 (Avb ingesluit).

*Managing Industrial Relations in South Africa* is inderdaad in velerlei opsigte 'n indrukwekkende publikasie. Nie alleen is dit seker die omvangrykste en mees volledige werk oor hierdie onderwerp wat nog in Suid-Afrika publiseer is nie, maar verteenwoordig dit onder meer bydraes deur nie minder nie as vyf en dertig van Suid-Afrika se bekendste akademici en praktisyns op die gebied van arbeidsverhoudingebestuur.

Sekere uitstaande kenmerke van hierdie publikasie verdien myns insiens spesiale vermelding –

- Dit is 'n uiters volledige en omvangryke werk, bestaande uit 26 hoofstukke wat onderverdeel is in drie afdelings:

  Die inleidingsgedeelte bevat hoofstukke oor die studieveld van Arbeidsverhoudinge, die historiese ontwikkeling van arbeidsverhoudinge en die Suid-Afrikaanse arbeidsverhoudingesisteme.

  Die tweede gedeelte ontleed die rol van die verskillende deelnemers aan die arbeidsverhoudingeproses, naamlik die vakbonde, werkgewerorganisasies en die staat.

  Die derde gedeelte verskaf riglyne oor bestuur van arbeidsverhoudinge gebaseer op 'n inset-uitset model van arbeidsverhoudingebestuur. Omdat die toesighouer so 'n belangrike rol vervul ten opsigte van arbeidsvrede, konflikhantering, ensovoorts word 'n volle hoofstuk aan die arbeidsverhoudingerol van die toesighouer afgestaan.

  Met arbeidsverhoudinge wat grootliks binne die veld van menslike hulpbronbestuur val, is dit nodig gevind om inligting oor die volgende funksies te voorsien: strategiese menslike hulpbronbestuur, vergoeding, werkerdeelname, indiensnemingsdiskriminasie, arbeidsreg en produktiwiteitsonderhandeling.

  Die grootste waarde van die boek vir die arbeidsverhoudingepraktisyn lê egter in die riglyne oor die formulering van 'n arbeidsverhoudingebeleid, die opstel van ooreenkomste, konflikbestuur, stakingshantering, opleiding in arbeidsverhoudinge, onderhandelingstrategie en die monitor en oudit van arbeidsverhoudinge – volledig met voorbeelde. Dit is nie net 'n verwysingsbron nie, maar bevat raamwerke van prosedures en praktyke wat uiters bruikbaar is in die praktyk.

- Die losbladformaat waarin die publikasie van 1300 bladsye verskyn en die gepaardgaande gereelde hersieningsdiens, waarborg twee belangrike aspekte aan elke leser: eerstens word hy verseker van doeltreffende toegang tot die jongste ontwikkelings en voorts geniet hy die gemoedsrus dat sy boek nie na 'n paar maande as 'n verouderde bron op sy boekrak stof sal versamel nie.

- Die logiese uiteensetting, volledige inhoudsopgawe, duidelike bladsy- en paragraafnumering en die groot aantal kruisverwysings, maak dit vir die leser moontlik om enige spesifieke inligting vinnig en effektief na te slaan.

Hierdie handboek is ongetwyfeld 'n uiters betekenisvolle toevoeging tot die Suid-Afrikaanse literatuur op die gebied van arbeidsverhoudingebestuur.

Resensie deur
PROF J.J.L. COETZEE,
VAALDRIEHOEKKAMPUS,
PU VIR CHO.